# Lesing 16.05.2018 - DEEL 3 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Die belofte van die Gees aan Abraham en nageslag

Gen 17:1 TOE Abram nege-en-negentig jaar oud was, het JaHWeH aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is El die Almagtige; wandel voor My Aangesig, en wees rassuiwer. [Boek van die Opregte 13:8; DaniEl 3:35]

Gen 17:2 Dan sal Ek My Verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.

Gen 17:3 Toe val Abram op sy aangesig, en Elohim het met hom gespreek en gesê:

Gen 17:4 Wat My aangaan, kyk, My Verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word.

Gen 17:5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram (verhewe vader) noem nie, maar jou naam sal wees Abraham (vader van menigtes), want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies.

Gen 17:6 En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.

Gen 17:7 En Ek sal My Verbond oprig tussen My en jou en jou saad na jou in hulle geslagte as 'n ewigdurende Verbond, om vir jou 'n Elohim te wees en vir jou saad ná jou. [Levítikus 26:9, 42; Psalm 105]

Gen 17:8 En Ek sal aan jou en jou saad ná jou die Aarde van jou vreemdelingskap gee, die hele Aarde van Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees.

Gen 17:9 Verder het Elohim aan Abraham gesê: Maar jy moet My Verbond hou, jy en jou saad ná jou, in julle geslagte.

Gen 17:10 Dit is My Verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou saad ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word

Gen 17:11 julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n Teken wees van die Verbond tussen My en julle.

_1:8 Kyk, Ek gee die Aarde aan julle oor; gaan in en neem die Aarde in besit wat JaHWeH aan julle vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om haar aan hulle te gee en aan hulle saad ná hulle.

Jer_4:4 Besny julle vir JaHWeH, en verwyder die voorhuide van julle hart, manne van JeHûWdah en inwoners van Jerusalem, dat My Grimmigheid nie soos 'n vuur uitgaan en brand sonder dat iemand kan blus nie, weens die besoedeling van julle handelinge.

Jer_9:26 ....... want al die nasies is onbesnede, en die hele huis van JisraEl se hart is nie besny nie.

Heb 8:10 Maar Sy is die Verbond wat Ek ná dié dae met die huis van JisraEl sal sluit, spreek JaHWeH: Ek gee My Wet in hulle binneste en skrywe Haar op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. [JeshaJaH 8:16; JirmeJaH 31:33]

Wis 10:5 Nadat die nasies verstrooi is vanweë die algemeenheid van oortreding, het Sy die regverdige [uit]geken (Abraham) en hom sonder smet vir Elohim bewaar; en Sy het hom in sy krag beskerm teen sy liefde vir sy seun (Isak).

Gen 22:16 en sê: Ek sweer by Myself, spreek JaHWeH, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,

Gen 22:17 dat Ek jou ryklik sal seën en jou saad grootliks sal vermeerder soos die Sterre van die Hemele en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou saad sal die poort van sy vyande in besit neem.

Gen 22:18 En in jou saad sal al My nasies van die Aarde geseën word, omdat jy na My Stem geluister het. [Génesis 18:19]